Hoërskool Tuine

BELEID WAT TEISTERING, INTIMIDASIE, AFKNOUERY EN BOELIEGEDRAG BELET EN OPTREDE TEEN OORTREDERS AANSPREEK

255 Bornmann Straat, Pretoria Tuine, 0082
Posbus 48066, Hercules, 0030 Tel (012) 379-6181
Epos: admin@hstuine.co.za hoof@hstuine.co.za

INHOUD

1. TITEL VAN DIE BELEID 3
2. EFFEKTIEWE DATUM 3
3. HERSIENINGSGESKIEDENIS 3
4. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING 3
5. DOEL 3
6. OMSKRYWING VAN TEISTERING, INTIMIDASIE, AFKNOUERY EN BOELIEGEDRAG ... 3
7. GEDRAG WAT VAN LEERDERS VERWAG WORD 4
8. DIE TOEPASSING VAN SANKSIES 5
9. RAPPORTERING/AANMELDING VAN VOORVALLE INSIDENTE 6
10. TYDSDUUR VIR ONDERSOEKE VAN INSIDENTE EN BEWERINGS/KLAGTES 6
11. REAKSIE VAN DIE BEHEERLIGAAM/SKOOL OP INSIDENTE 7
12. VERBOD OP VERGELDING EN WEERWRAAK OP PERSONE WAT KLAGTES AANHANGIG MAAK 7
13. STAPPE TEEN PERSONE WAT VALSE AANTUIGINGS/KLAGTES/BEWERINGS MAAK. 8
14. BEWUSMAKINGSVELDTOGTE OOR DIE BELEID 8
15. KORT TITEL 8
16. GOEDKEURING VAN DIE BELEID 8

BYLAES 8

1. TITEL VAN DIE BELEID

BELEID VAN HOëRSKOOL TUINE WAT TEISTERING, INTIMIDASIE, AFKNOUERY EN BOELIEGEDRAG BELET EN OPTREDE TEEN OORTREDERS AANSPREEK

2. EFFEKTIEWE DATUM

17 Februarie 2022

3. HERSIENINGSGESKIEDENIS

Soos Gewysig Op:
17 Februarie 2022

4. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING

April 2024

5. DOEL

'n Veilige en geborge omgewing en toestande in die skoolmileu is van die voorvereistes vir leerders om te leer en hoë akademiese standaarde te bereik en hulself in buitemuurse aktiwiteite uit te leef en aan sport te kan deelneem. Teistering, intimidasie en boeliegedrag (bullebakkery), nes ander ontwrigtende en geweldadige optrede, is gedrag wat beide die leerder se vermoë om te leer en die skool se wettige opdrag om leerders te onderrig in 'n veilige omgewing omverwerp en versteur. Aangesien leerders onder andere leer deur ander se voorbeeld na te volg, moet die beheerliggaam, skoolhoof, opvoeders en die personeel van die skool gefilisteer word deurdat hulle die voorbeeld stel deur korrekte maniere en respek aan andere bewys, hulle met respek behandel en dat hulle volstrek weier om enige vorm van teistering, intimidasie of boeliegedrag te verdra in Hoërskool Tuine.

6. OMSKRYWING VAN TEISTERING, INTIMIDASIE, AFKNOUERY EN BOELIEGEDRAG

a) Teistering, intimidasie, afknouery en boeliegedrag beteken enige gebaar, geskrewe of verbale uitdrukking, of fisiese daad wat een persoon tot ’n ander in ’n magswanbalans plaas en deur enige redelike persoon verstaan sal word dat dit gemik is om 'n ander persoon leed aan te doen, die persoon se eiendom te beskadig of dit van hom/haar af te neem, sodanige eindom sonder toestemming te verkry of dit in besit te neem te eet, te drink of te vernietig, 'n ander persoon onder dwang plaas, by die persoon 'n vrees laat ontstaan dat sy/haar persoon leed gaan opdoen en/of eiendom beskadig en/of vernietig gaan word, of enige leerder en/of 'n groep leerders op so 'n wyse dat dit lasterlik en verkleinerend is teenoor ’n ander persoon en/of ‘n leerder of leerders en die skool se opvoedkundige doel of die opvoeding en onderwys van enige leerder te laat skade lei of agterweë gelaat word. Teistering, intimidasie, afknouery en boeliegedrag sluit in maar is nie beperk tot viktimisasie,

geskrewe boodskape, tekeninge en ander enige ander afbeelding, foto, ligaamlike gebaar en/of teken of enige elektroniese boodskap/oorsending, e-pos, video, selfoon-boodskap/ oorsending, die stoor van sodanige elektroniese boodskappe en/of afbeeldings op enige elektroniese apparaat in enige vorm, geskrewe, verbale en/of fisiese daad nie. Sulke optrede word spesifiek verbied in Hoërskool Tuine.

b) Verder beteken teistering, intimidasie en boeliegedrag enige handeling, gebaar, haatspraak, enige elektroniese boodskap/ oorsending (sms of mms), BBM-boodskap, Wattsup, e-pos, webwerf, mixit, facebook page, telefoniese oproep en/of boodskap, video of enige elektroniese opname en/of afbeelding op enige rekenaar of DVD of laserskyf,geheuestokkie, eksterne elektroniese hardeskyf, graffiti, verbale uitdrukking en/of dreigement van geweld of werklike geweld of geskrewe of fisiese daad wat eenmalig of herhaaldelik plaasvind op enige plek op die skoolterrein in enige lokaal wat gemik is teen enige persoon, by enige skoolaktiwiteit op óf weg van die skoolterrein, op enige skool- en of ander vervoermiddel, waar leerders hetsy te voet of andersins, op pad na of vandie skool is, of as die skool na 'n aktiwiteit verlaat word of waar leerders hetsy in skoolklere of nie, duidelik as leerders van Hoërskool Tuine geidentifiseer kan word en wat:
   i. gemotiveer of geinisieër word as gevolg van enige duidelike of wanpersepsie gemik op enige leerder/persoon se ras, geslag, geloof, oorsprong, verstandelike vermoëns, fisiese en/of ander liggaamlike en/of sensoriese gebrek wat; en/of
   ii. enige ander uitkenbare karaktertrek en/of -eienskap ; en
   iii. dat 'n redelike persoon sal weet dat, onder die omstandighede, dat die daad of dade die effek sal hê om ’n leerder of enige ander persoon leed aan doen, in verleentheid te stel, te verkleineer of veroorsaak dat ’n leerder of enige ander persoon se eiendom beskadig word, of veroorsaak dat ’n leerder of enmige ander persoon onder trauma, stres of vrees vir sy/haar welstand/lewe geplaas word en/of die beskadiging of verlies van hulle eiendom en/of enige onwelkome aanraking/fisiese kontak van of met die leerder/persoon se liggaam, of
   iv. die effek of uitwerking het dat 'n leerder of leerders en/of engige ander persoon of persone beledig of belaster word en hulle goeie naam en eer aangetas word in so 'n mate dat dit die leerder of leerders verhoed om hulle reg uit te oefen om opvoeding en onderwys by die skool te ontvang; of
   v. dat die uitwerking van die gedrag die goeie orde en effektiewe bestuur van die skool versteur en die goeie naam en eer van die skool aantas.

c) Die drie elemente van teistering, intimidasie en boeliegedrag is - magswanbalans, viktimisasie, negatiewe voornemens en herhaling van sulke negatiwe dade. Verder word boeliegedrag volledig omskryf en bespreek in die inligtingstuk wat saam met hierdie beleid as bylae uitgereik is.

7. GEDRAG WAT VAN LEERDERS VERWAG WORD

a) Die Beheerliggaam, ouers en skool verwag van leerders om hulle te gedra in ooreenstemming met hulle vlakke van ontwikkeling, rypheid en vaardighede met die behoorlike in agneming van die regte en welstand van ander leerders, opvoeders en personeel van die skool, die onderliggende doel waarvoor hulle in die skool is, en dat hulle die eiendom, toerusting en fasiliteite van die skool met die nodige sorg sal repekteer, bejeen en gebruik.

b) Die Beheerliggaam is van mening dat die standaarde vir leerdergedrag in samewerking deur interaksie met die leerders, ouers/voogde, opvoeders en personeel bepaal moet word in ‘n atmosfeer waarin leerders aanmoedig om te groei in selfdissipline en verdraagsaamheid. Die ontwikkeling van hierdie atmosfeer verg respek vir hulself en andere en hul meerderes, sowel as vir die eiendom van hulle mede-leerders, die skool en die opvoeders en personeel.

c) Die Beheerliggaam is oortuig daarvan dat die beste dissipline selfdissipline is, en dat dit die verantwoordelikheid van ouers/voogde en opvoeders is om dissiplinêre omstandighede te gebruik as geleenthede om leerders te leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle dade en die gevolge van hulle gedrag, optrede en dade. Opvoeders wat met leerders in sulke omstandighede verkeer sal praktyke en opvoedingsmetodes volg wat daargestel is om sulke optredes te vermy en te verhoed en leerders sal aanmoedig om in selfdissipline te groei.

d) Die gedragskode van die skool skryf die norme en standaarde van gedrag voor wat van elke leerder verwag word asook alle vorme van negatiewe gedrag wat vermy moet word. Leerders wat aan enige vorm van intimidasie/ afknouery/boeliegedrag deelneem hetsy hulle op skool is, by enige skoolaktiwiteit, tydens enige skooldistriksfunksie of engie ander funksie of aktiwiteit of op pad na skool of van die skool na ’n ander bestemming onderweg is, is onderhewig aan die sanksies soos omskryf in die gedragskode as ook skorsing en uitsetting soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Skolewet. Dit staan ook die skoolhoof en/of sy gemagtigde en/of die beheerliggaam vry indien hulle daarvan oortuig is, om ’n kriminele klag teen enige leerder wat hom/haar aan sodanige negatiewe gedrag skuldig maak, by die SA Polisie aanhangig te maak.

e) Die gedragskode en hierdie beleid sal ter enige tyd gedurende normale skoolure ter insae wees vir ouers/voogde en opvoeders en afskrifte daarvan is beskikbaar teen betaling van die vasgestelde tarief.

f) Hierdie beleid vorm deel van die gedragskode van die skool.

g) Hierdie beleid is nie bedoel om enige uitdrukking van geloof, filosofie of geregverdige oortuigings te verhoed nie, tensy sulke optrede die opvoedkundige funksie en mileu van die skool en die goeie orde versteur. Verskeie gedrag of optredes is nie teistering, intimidasie of boeliegedrag nie maar kan nog steeds verbied word, waarvan verskeie in die gedragskode van die skool omskryf word asook geinkorporeer is in opvoeders se klaskamerreëls, reëls van sekere sport en kultuuraktiwiteite, -klubs en -verenigings asook deur die reëls en regulasies van die Onderwysdepartement en die wette van die land.

8. DIE TOEPASSING VAN SANKSIES

a) Die oortreding van hierdie beleid is ‘n ernstige oortreding en sal hanteer word in terme van die gedragskode. In die toepassing van geskikte sanksies vir oortreders wat een of meer dade van teistering, afknouery, intimidasie en boeliegedrag pleeg, sal die beheerliggaam en die opvoeders die volgende omstandighede/faktore oorweeg:

   i. die ontwikkelings- en rypheidsvermoëns van die partye by die geskil betrokke;
   ii. die vlakke van fisiese en psigiese skade en leed verrig;
   iii. die omstandighede wat tot die daad of dade gelei het;

iv. die aard van die voorval/gedrag;
v. dade wat voorheen gepleeg is deur die oortreder(s) en/of die voortsetting daarvan;
vi. die verwantskap/verband tussen die partye in die voorva(le) betrokke; en
vii. die konteks waarin die voorval(le)/insident(e) plaasgevind het

b) Die persoon en/of die opvoeder wat spesifiek aangewys is om die voorval(le)/insident(e) te ondersoek sal moet beslis of die beleid en gedragskode van die skool oortree is nadat hy/sy alle feite en omstandighede en getuienis aangehoor het. Dit is slegs nadat alle elemente van 'n saak in ag geneem is dat 'n geskikte sanksie bepaal sal kan word wat van positiewe gedragsonderrig tot skorsing en uitsetting kan varieer. Sommige gevalle mag ook deur die ondersoeker na die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam verwys word vir 'n volle verhoor en/of aanbeveling dat ’n kriminele klag gelê moet word.

9. RAPPORTERING/AANMELDING VAN VOORVALLE INSIDENTE

a) Die skoolhoof en/of sy gemagtigde is verantwoordelik om klagtes van bewerings van teistering, intimidasie en/of boeliegedrag en verwante oortredings van die gedragskode en hierdie beleid te ontvang van enige leerder, ouer/voog en/of opvoeder.

b) Alle opvoeders en personeel is verplig om om beweerde oortredings aan te meld by die skoolhoof en/of sy gemagtigde wat dit op die voorgeskrewe vorm sal aanteken. Alle ander lede van die skoolgemeenskap word aangemoedig om oortredings aan te meld wat 'n verbreking van die gedragskode en hierdie beleid is.

c) Aanmelding van klagtes kan op skrif of verbaal ontvang word wat dan op die voorgeskrewe vorm aangeteken moet word deur die skoolhoof en/of sy gemagtigde.

d) Klagtes kan ook anoniem aangemeld word, maar formele dissiplinêre optredes mag nie alleen op die sterkte van die anonieme klag toegepas word nie. Laasgenoemde verhoed egter nie die skoolhoof en/of sy gemagtigde om die saak te ondersoek en die beweerde oortreder(s) te ondervra nie.

e) Die beheerliggaam mag geslote aanmeldings kissies op die skoolterrein beskikbaar stel wat daagliks deur aangewese opvoeders nagegaan moet word.

f) In gevalle waar die leerder ernstig beseer is sal die skoolhoof en/of sy gemagtigde die saak aanmeld by die SA Polisie en mediese hulp ontbied.

10. TYDSDUUR VIR ONDERSOEKE VAN INSIDENTE EN BEWERINGS/KLAGTES

Die skoolhoof en/of sy gemagtigde is verantwoordelik om te bepaal of 'n beweerde oortreding of oortredings 'n skending van die gedragskode en/of hierdie beleid is. In die uitvoering daarvan sal die skoolhoof en/of sy gemagtigde 'n spoedige, deeglike en volledige ondersoek onderneem van die beweerde insident(e). Wanneer ’n ondersoek afgehandel is sal die verslag aan die beheerliggaam voorgelê word. Indien die aangeleentheid/insident nie na die bevrediging van die beheerliggaam of enige party in die saak betrokke opgelos is nie, sal die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee verdere optrede in oorleg met die skoolhoof en enige ander kundige persoon bepaal om die saak tot ’n konklusie te bring.

11. REAKSIE VAN DIE BEHEERLIGAAM/SKOOL OP INSIDENTE

a) Sekere dade van teistering, intimidasie en boeliegedrag mag geisoleerde insidente wees wat vereis dat die beheerligaam/skool gepas sal optree teenoor die individue wat die dade gepleeg het. Ander dade mag van so 'n ernstige aard en deel wees van 'n reeks ander dade en 'n gevestigde en gereelde patroon van teistering, intimidasie en boeliegedrag dat dit 'n duidelike reaksie verg hetsy op die vlak van die klaskamer, skoolbestuur, beheerligaam of selfs skooldistrik en/of die gereg.

b) Gevolge en gepaste remediêre optredes vir leerders wat dade van intimidasie, teistering,vikitimisasie en boeliegedrag pleeg sal varieer van positiewe gedragsopvoeding tot skorsing en uitsetting of selfs kriminele/siviele vervolging. Die beheerliggaam sal binne 30 dae nadat hy die uitslag van ’n ondersoek ontvang het alle partye skriftelik in lig van die volgende:

   i. Dat die beheerliggaam verder dissiplinêre stappe of korrektiewe aksie by die skool gaan aanbeveel vir implementering
   ii. Dat die ondersoek nog noe voltooi is nie en sal voortgaan; of
   iii. Dat daar nie genoegsame bewys is oor die angeleentheid nie; of
   iv. Dat die beheerligaam die beweerde oortreder gaan skors, hangende verder ondersoeke.

c) In die oorweging van 'n gepaste optrede ter opvolging van 'n individuele daad, sal die skoolhoof en/of sy gemagtigde die volgende elemente in ag neem:
   i. die aard en omvang van die daad
   ii. die vlak van skade aangerig (hetsy fisies en/of psigies)
   iii. die aard van die gedrag openbaar
   iv. soortgelyke insidente en dade in die verlede gepleeg en/of 'n patroon van volgehoue oortredings in die verlede
   v. die konteks waarin die beweerde oortreding gepleeg is.

d) Indien ’n leerder wat in die proses betrokke is,gegrief is oor die uitslag van die ondersoek, mag hy/sy appél aanteken ingevolge die gedragskode.

e) 'n Instutisionele reaksie kan verder ook plaasvind en sal dit varieer van opvoedkundige intervensies, briewe aan ouers, inroep van ouers om die saak te bespreek, inligtingssessies/berading vir leerders en ouers oor die skool se standpunt en sanksies/regstappe wat mag volg na aanleiding van sulke dade.

f) Verder kan die skoolhoof gelas dat daar sonder vooraf kennisgewing, opvoedkundige lesse aangebied word in die kurikullum, sprekers uit nooi wat kundig is oor gedragspatrone, leerders inlig oor die gevolge van sulke gedrag, fokusgroepbesprekings met leerders hou, uitstallings en bewusmakingsveldtogte hou, tema-dae reël ens.

g) Alle sake sal vertroulik hanteer word.

12. VERBOD OP VERGELDING EN WEERWRAAK OP PERSONE WAT KLAGTES AANHANGIG MAAK

Die beheerligaam verbied alle handelinge wat as vergelding of weerwraak beskou kan word op

enige leerder of ander persoon wat 'n enige daad van teistering, intimidasie en boeliegedrag aanmeld. Die gevolge en gepaste remediërende stappe teen 'n persoon wat in vergeldingsaksies of weerwraak betrokke is sal deur die beheerligaam, die bestuurspan van die skool en/of die skoolhoof, afhangende van die aard van die geval, vasgestel word. Die sanksie sluit in detensie, skorsing, uitsetting asook kriminele en siviele regstappe in.

13. STAPPE TEEN PERSONE WAT VALSE AANTUIGINGS/KLAGTES/BEWERINGS MAAK

Gepaste stappe en remediërende aksies sal teen leerders geneem word as dit bevind word dat hulle ander valslik beskuldig het van teistering, intimidasie en/of boeliegedrag. Die strawwe sluit in maar is nie beperk tot detensie, skorsing, uitsetting asook enige siviele eise teen sodanige leerder.

14. BEWUSMAKINGSVELDTOGTE OOR DIE BELEID

Die beleid sal jaarliks aan alle opvoeders, personeel, leerders en personeel op 'n gepaste wyse bekend gestel word, insluitende wat die beheerligaam en bestuurspan van die skool verstaan as teistering, intimidasie en boeliegedrag. Hierdie beleid sal ook van tyd tot tyd hersien en aangepas word om ook ander gewelddadige en ander gedrag wat daarop gemik is om iemand se waardigheid aan te tas, in te sluit.

15. KORT TITEL

Hierdie beleid sal genoem word die Boelliebeleid van Hoërskool Tuine.

16. GOEDKEURING VAN DIE BELEID

Geteken te Pretoria op hierdie 17de dag van Februarie 2022.

Dr Chris Ackerman	Mr Johan Furstenberg
Beheerliggaamvoorsitter	Skoolhoof

AANMELDINGSVORM

INSIDENTVERSLAG - BOELIEGEDRAG

Koordineerder (Opvoeder) wat insident ondersoek .....

Datum van insident ..... 20.....

Beweerde beskuldige(s) en slagoffer(s) (indien meer as hieronderaangedui gebruik 'n aparte vel papier en heg aan by verslag

Beskuldige	**Ouderdom**	**Klas**	**Geslag**	**Naam van Ouer/Voog**

Slagoffer	**Ouderdom**	**Klas**	**Geslag**	**Naam van Ouer/Voog**

Aard van Insident

Geskrewe:.....
.....
(bv. Graffiti, notas, briefies, aanmerkins in of op skoolboeke, geskrewe dreigemente, verkleinering deur tekeninge ens)

Skade aan eiendom:
.....
.....
(bv. Diefstal van eiendom, geskeurde klere, diefstal van geld, opskeur/ beskadiging van boeke, opeet van kos ens.)

Verbaal : .....
.....
(bv. Spot, verkleinerende name, skinderpraatjies, dreigemente. lasterlike aanmerkings, valse gerugte, diskriminerende aanmerkings, aanmerkings tydens klas ens.)

Isolering: .....
.....
(bv. Deur die beskuldiges se aksies is die slagoffer deur ander vermy, deelname aan groepspele ontsê, met opset uit aktiwiteite weggelaat ens.)

Fisies: .....
.....
(bv. Aanranding, gestoot, gepootjie, geklap, geknyp, geskop, hare getrek, op gespoeg, handgemeen geraak ens.)

Aanhitsing: .....
.....
(bv. Ander aanhits/opsteek om dade van boeliegedrag te pleeg, diskriminerende en/of seksistiese gedrag, rassistiese aanmerkings en of literatuur versprei)

Kuber: .....
.....
(bv stuur van lasterlike/dreigende SMSe, anonieme telefoonoproepe, lasterlike verkleinerende aanmerkings in kletskamers op die internet of op webwerwe)

Psigies: .....
.....
(bv. Afpersing, intimidasie, lyftaal, “kyke”, dreigemente met tekens en gebare ens.)

Ander: .....
.....

Dui asseblief aan of daar 'n suspisie bestaan dat die insident deur die volgende beinvloed kan wees (u kan meer as een moontlikheid afmerk):

Ras		**Stand**		**Geslag**	
Gebrek		**Ouderdom**		**Ander (spesifiseer asb)**	

.....

Wanneer het die insident plaasgevind?

Voor Skool		**Pouse**		**Gedurende Klas**		**Na Skool**	
Tussen Klasse		**Sport Aktiwiteite**		**Verskeie kere**		**Onbekend**	

Ander: .....

Waar het die insident(e) plaasgevind?

In die klas		**Skoolgronde**		**Buite die skoolgronde**	
Op bus		**Kleedkamers**		**Naskool**	
Ander		**Verskeie plekke**		**Onbekend**	

Wie het die insident(e) aangemeld?

Slagoffer(s)		**Opvoeder/ Personeellid**		**Ouer/Voog**	
Buitestaander		**Ander leerder**		**Ander**	

Dui asseblief ondersoekstappe gevolg aan:

Insident ondersoek		**Onderhoude gevoer met leerders betrokke by die insident**	
Onderhoud met ouers/voog van slagoffer(s)		**Onderhoud met ouers/voog van beskuldigde**	
Ander (spesifiseer asb)			

Na die ondersoek is die bewerings van boeliegedrag bewys? JA? NEE

Indien “JA” gaan asseblief na die volgende deel, indien nie gaan na die einde van die vorm.

Indien die bewering bewys is/ as waar bevind is dui optrede teen beskuldigde(s) aan:

Mondelinge Waarskuwing		**Berading en onderhoud**		**Uitskryf werk**		**Detensie**		**Brief aan ouers**	
Finale waarskuwing		**Skorsing**		**By Polisie aangemeld**		**Uit die klas geisoleer**		**Skriftelike verskoning aan slagoffer(s)**	
Ander (Spesifiseer asb)									

Indien geen aksie geneem is nie hoekom nie? .....

Dui asseblief aan watter stappe geneem is om die slagoffer(s) te ondersteun:

Ondersteuning deur opvoeder(s)		**Brief aan ouers**	
Ondersteuning deur leerders		**Hulp van buite verkry**	

Ander (Spesifiseer asb): .....

Dui asb aan of enige (voorkomende) opvolg gedoen is as gevolg van die insident(e):

Voorligting aan skool /Bewusmakingsveldtog		**Kurikillum Groepwerk**	
Klasvoorligting		**Individuele berading aan slagoffer(s) en beskuldigde(s)**	
Ander (spesifiseer asb)			

Dui asseblief aan of die verhouding tussen die beskuldigde(s) en slagoffers en enige ander voorkomende maatreëls) geimplimenteer is/ gemoniteer/ die gedrag van die beskuldigde(s) gemoniteer is:

Een week		**Een maand**		**Kwartaalliks**	

Gevalle leêr gesluit: .....20.....

Enige ander kommentaar:

Geteken.....Datum.....

Naam van Koördineerder: .....

PROFORMA BRIEF AAN OUERS/VOOGDE OM HULLE IN TE LIG OOR 'N INSIDENT WAT PLAASGEVIND HET

'n Afskrif van die brief om op die leerder se persoonlike leêr geplaas word tesame met die oorspronklike ontvangserkenning van die ouer.

Geagte …….

BEWERING VAN BOELIEGEDRAG : ……..

U seun/dogter …….. het aangemeld dat hulle onderwerp is aan boeliegedrag. U kan verseker wees dat die skool nie enige vorm van boeliegedrag sal verdra nie en dat die insident ten volle ondersoek word. U sal binne drie werksdae van die datum van hierdie brief verder ingelig word oor enige ander stappe wat geneem sal word.

Indien u na hierdie insident van enige ander insidente bewus word sal dit waardeer word indien

u dit dadelik by ……... aan te meld.

…….
SKOOLHOOF

Ek ……. Ouer/voog van …… erken ontvangs van die brief oor die beweerde boeliegedrag.

……. …….
HANDTEKENING **DATUM**

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE HANTERINGSPROSEDURE VIR ‘N INSIDENT

Die aksie stappe kan gedurende enige stadium gestaak word veral as dit duidelik is dat geen boeliegedrag plaasgevind het nie, Aanranding en ander verwante insidente word ingevolge ander stappe in die gedragskode afgehandel.



“Elke kind wat geboelie word is een kind te veel wie se reg op ‘n veilige omgewing en kwaliteit onderrig vertrap word”…

'n Inligtingsdokument vir Hoërskool Tuine om Boeliegedrag aan te spreek en riglyne daar te stel ter aanvulling van die skoolbeleid

VOORWOORD

Elke liewe skooldag word leerders geterg, gedreig en gefolter deur bullebakke of boelies soos hulle meer algemeen bekend staan. Boeliegedrag (bullebakkery) word omskryf as 'n anti-sosiale probleem wat 'n klimaat van vrees laat ontstaan wat die moraal van die hele skool raak. Diegene wat daarin faal om boeliegedrag op te merk en dit te voorkom help net die geweldadige optredes aan. As ons almal daarin faal om die negatiewe gedrag te voorkom en stop te sit stuur ons 'n direkte en indirekte boodskap aan die boelies dat hy/sy die reg het om ander leed aan te doen en 'n boodskap aan die slagoffer dat hy/sy nie die moeite werd is om te beskerm nie. Die laasgenoemde boodskappe moet stop gesit word en daar is geen beter tyd as om dit nou te doen nie.

Deur boeliegedrag te voorkom en die boelies aan te spreek, voorkom ons 'n bydra tot die stygende misdaad syfer van ons land. Boeliegedrag is 'n vroeë waarskuwing dat die boelie op pad is na 'n erger graad van anti-sosiale gedrag. Des te meer - die slagoffers mag op 'n dag besluit genoeg is genoeg en om terug slaan met erger geweld wat nie net die boelie nie maar ook ander onskuldiges mag verswelg.

Harde woorde? Stellings wat ietwat oorboord gaan? Nee, die ou spreuk lui dat voorkoming beter is as genesing, en in die geval van slagoffers van boelies (en die boelies self) is die genesing 'n lang pynvolle, sieldodende proses wat jare mag duur.

Na aanleiding van die talle opgetekende gevalle van selfmoord van kinders as gevolg van boeliegedrag wat hulle moes verduur en ook die skiet voorvalle in die VSA by die Columbine hoërskool en ander voorvalle wêreldwyd waar talle jong mense hulle lewens verloor, durf ons as ouers, opvoeders en leerders van Hoërskool Tuine nie boeligedrag as net nog een van die dinge wat oor ons pad kom in die lewe aanvaar nie!

In hierdie inligtingsdokument ter aanvulling van die Boeliebeleid sal u lees dat boeliegedrag se gevolge nie ’n eensydige gedragspatroon is nie maar dat die gevolge daarvan eensaamheid, depressie, trauma en vrees en ja, ook tot selfmoord kan lei. Dit veroorsaak so 'n angs by leerders dat hulle letterlik siek word van die idee om nog 'n dag skool toe te gaan, verneder en gepynig (fisies en psigies) te word deur hulle mede leerders.

Die Beleidkomitee van die Beheerliggaam wil dan graag met hierdie agtergronddokument en die beleid 'n bewusmakingsveldtog begin wat hopelik aan alle leerders en al die ander lede van die skoolgemeenskap hoop sal gee dat hierdie “kanker” in ons midde uitgeroei sal word.

VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM **SKOOLHOOF**

INLEIDING

Boelies is dikwels die oorsaak van ontwrigting, beserings, trauma en geweld in ons skole.

In die Nasionale Kurrikulum Verklaring van die Nasionale Departement van Onderwys (NDO) word daar telkens in die Lewensoriëntering in die Leeruitkoms: Sosiale Ontwikkeling verwys in die assesering van die leerders na hulle vermoë om reëls na te kom en ander se regte te respekteer en te erken.

Elke skooldag, word duisende kinders in Suid Afrika wakker met ’n angs-wekkende, paniekbevange vrees – hulle is te bang om skool toe te gaan. Hierdie leerders word die geleentheid (en reg) ontgun om gebruik te maak van opvoedkundige geleenthede in 'n geborge, gelukkige omgewing, nie omdat hulle enige leergebrek het nie, maar omdat hulle dit ontsê word deur deur medeleerders wat hulle boelie.

Die Veilige Skoolbeleid van die NDO het juis ten doel dat leerders in 'n veilige skool sonder geweld, intimidasie en teistering skoolgaan. Boeliegedrag het gevolglik geen plek in Hoërskool Tuine nie en word uit die staanspoor deur die gedragskode en boeliegedrag beleid verbied.

In Brittanje en ander lande is daar redelik navorsing gedoen en is daar tale opgetekende gevalle van leerders van tot so jonk as 6 jaar oud wat selfmoord gepleeg het as gevolg van boeliegedrag dat hulle die term “Bullycide” daarvoor gegee het. Ander gevolge van boeliegedrag was die bekende massamoorde van kinders deur hulle medeleerders by Columbine in Amerika en ander gevalle.

Navorsing toon dat boeliegedrag die meeste voorkom in laerskole en die laergrade van die hoërskool en dit veral leerders in die senior primêfase is wat dit mag pleeg (Dit styg van 7% in die juniorfase to sowat 14% in die seniorfase) wat piek rondom ouderdom 11-15. Dit is ook meesal seuns wat boeliegedrag openbaar en meer gewelddadig is as dogters wat ander op ‘n meer subtiele manier verbaal boelie. Boeliegedrag is nie iets nuuts nie, wat wel nuut is, is die groeiende bewuswording dat boeliegedrag ernstige gevolge vir leerders en skole inhou. Dit dra by tot laer bywoningsysfers, laer akademiese verrigting, lae selfbeeld en depressie onder leerders sowel as ‘n hoër jeugmisdaadsyfer.

Elke leerder het die reg om te werk en te leer in ‘n omgewing wat vry is van vrees en intimidasie

Die plek van die skool in die samelewing is om die hoogste standaard van opvoeding in 'n stabiele, veilige omgewing te voorsien. Boeliegedrag ondergrawe en voorkom die verskaffing van gehalte onderwys en veroorsaak onderskatte psigiese en fisiese skade aan leerders. Dit het ook 'n effek op die moraal van leerders en hulle lojaliteit teenoor die skool en as dit nie aangespreek word nie stuur dit 'n ondubbelsinnige boodskap dat dit aanvaarbaar is om ander leed aan te doen.

Van die growwe veralgemenings en mites rondom boeliegedrag is dat “dit maar 'n deel van die grootword proses is” en dit “karakter bou” en “geen skade” veroorsaak nie. In Hoërskool Tuine

erken ons dit vir wat dit is – gedrag wat die ordelike sameloop en bestuur van die skool erodeer, opvoeding en leer benadeel, individue fisies en psigies beseer, en tot korttermyn en langtermyn negatiewe gevolge lei, insluitende selfmoord en 'n lae selfbeeld. Verder word dit internasionaal erken dat die skoolboelie, as hy/sy nie betyds gekeer word nie dikwels die boelie in die werkplek word en as ouer die boelie in die huis. Dit is dus 'n saak wat ferm en positief aangespreek moet word deur effektiewe maatreëls en strategieë deur alle lede van die skoolgemeenskap.

Boeliegedrag gedy in 'n atmosfeer van intimidasie, onsekerheid, geheimhouding en sameswering.

Feite wat ons in gedagte moet hou:

- **Seuns én dogters boelie – navorsing wil dit hê dat seuns meer boelie as dogters, maar dit hang af hoe boeliegedrag gedefinieer word en/of geïdentifiseer word.**
- **Boeliegedrag deur dogters is meer subtiel en moeiliker om uit te wys omdat seuns meer aggressiewe boeliegedrag as dogters openbaar.**
- **Seuns boelie seuns en dogters terwyl dogters meer geneig is om net dogters te boelie.**
- **Dogters is meer geneig daar toe om in ‘n groep te boelie**
- **Boeliegedrag neem toe van die laagste graad en piek hier rondom graad 6-7 en neem af in die hoër grade.**

Boeliegedrag gedy in 'n atmosfeer van intimidasie, onsekerheid, geheimhouding en sameswering. Die slagoffer voel dikwels so hulpeloos deur die emosionele en fisiese uitmergeling van die “mag” wat die boelie(s) oor hulle uitoefen, dat ouers en opvoeders/personeel op hulle hoede moet wees vir die negatiewe gedragspatroon in die skool. Een van die belangrike sake wat opvoeders in gedagte moet hou is dat geen leerder sy/haar skoolloopbaan begin met die voorneme dat hy/sy 'n boelie of 'n boelieslagoffer gaan wees nie. Wat egter van belang is dat wanneer die boelie/slagoffer verhouding in plek is dit baie moeilik is om te verander. Die verhouding is van so 'n aard dat altwee reageer op wat die ander mag doen. Hierdie ketting van aksie/reaksie is die “vuur” wat hierdie negatiewe verhouding in stand hou. As dit nie aangespreek word nie kan die verhouding meer stabiel word en is dit moeiliker om die ketting van intimidasie en vrees te breek veral as dit dalk deur ander in die portiergroep aangemoedig word, 'n gebrek aan empatie ontstaan vir die slagoffer, en dalk 'n gebrek aan belangstelling en intervensie deur opvoeders en/of ouers.

Die hele klaskamer is deel van die boeliedinamiek: die kinders wat die boelie aanmoedig, die wat toeskouers is, die wat weg hardloop sodra die boelie met sy intimidasie en aanranding begin.

Die hele klaskamermileu is deel van die boeliedinamiek: die kinders wat die boelie aanmoedig, dié wat toeskouers is en ook dié wat weg hardloop sodra die boelie met sy intimidasie en aanranding begin. Die rolle word daagliks oor en oor in skole ingeneem. Elkeen “ken” sy/haar “plek” in die menslike drama. Die skoolgemeenskap kan hierdie dinamika betree deur 'n eenparige standpunt teen boeliegedrag in te neem deur 'n aktiewe bewusmakingsveldtog by elke leerder dat die gedrag sosiaal onaanvaarbaar is, verkeerd is en teen die norme van 'n beskaafde

samelewing indruis. (*Sien die boeliesirkel in die verband*)

Die maklikste manier om die gedrag te voorkom, is om die waarskuwingtekens te herken, maar die oortreders raak so slu dat dit party maal moeilik is om die dinamiek van die gedrag uit te ken. Die boelie mag dalk net 'n sekere postuur, houding of selfs 'n *"kyk"* hê wat 'n submisiewe houding by die slagoffer sal veroorsaak. Dikwels is die interaksie so gou (daar word bereken dat die meeste boelie insidente net sowat 37 sekondes op 'n slag duur) en so subtiel plaasvind dat net die mede-leerders daarvan bewus is en dit vir die opvoeders moeilik is om dit raak te sien veral as hulle vir 'n vol klas les moet gee.

Boeliegedrag vind ook dikwels plaas omdat kinders nie besef watter uitwerking hulle intimiderende en teisterende gedrag op ander het nie. Daarom is dit van belang dat elke leerder weet watter gedrag van hom/haar verwag word in die skool (en die samelewing) en wanneer hulle die skoolbeleid en -gedragskode oortree sowel as watter sanksie gehef sal word vir dié negatiewe gedragspatroon. Dit is belangrik dat klem daarop gelê sal word dat boeliegedrag onder geen omstandighede verdra sal word nie. Daar moet ook aan die leerders verduidelik word watter soorte gedrag is boeliegedrag. Dit is verder van belang wat slagoffers moet doen as hulle geboelie word of as hulle ander boelie. Dit is ook belangrik om aan alle leerders te beklemtoon dat as hulle *"klik"* oor iemand wat ander boelie dit nie as *"stories aandra"* beskou sal word nie.

Wanneer een leerder 'n ander boelie is dit belangrik om te onthou dat die sleutel element van boeliegedrag is die wanbalans van mag. Boelie is nie konflik nie maar viktimisasie.

Indien 'n leerder 'n ander boelie is dit belangrik om te onthou dat die sleutel element van boeliegedrag is die wanbalans van mag of 'n oormatige gebruik van geweld of geniepsigheid om 'n ander by te kom wat nie in staat is hom of haar te verdedig nie. Konflik tussen leerders wat in staat is om hulself te kan verdedig is nie tipiese boeliegedrag nie.

Tekens wat van hulp is om 'n boelie te identifiseer is onder andere:

- **Die leerder wat gereeld genot daaruit put om ander verkleinerende byname te gee, hulle te spot oor een of ander gebrek of fiktiewe gedrag, veral dié wat liggaamlik kleiner as hy/sy van postuur is en nie in staat is om hulself te kan verdedig nie. Die spottery is een rigting van aard en nie oor-en-weer nie wat die wanbalans van mag in die situasie beklemtoon.**
- **Die leerder mag oortuig wees dat hy/sy "beter" is as ander leerders of ander blameer dat hulle fisiek kleiner of "anders" is. Leerders kan ook "spog" oor hulle "mag" oor ander leerders.**
- **Die leerder is gereeld by bakleiery betrokke om sy/haar dominansie oor ander te bewys of te beklemtoon. Boelies sal uit hul pad gaan om op ander te pik of ander swakker as hulself uit te daag tot gevegte of af te knou wat nie in sulke konflikte betrokke wil wees nie. Die boelies mag ook ander oorrreed om hul "vuil werk" vir hulle te doen terwyl hulle in die agtergrond bly en die "toutjies trek".**
- **Boelies het bitter min empatie met ander – hulle verkry groot genoegdoening daaruit om ander leed aan te doen en ander te beheer deur vrees en intimidasie**.

Die algemene beeld van die boelie as ‘n persoon met ‘n lae selfbeeld is soms waar, maar meesal het die boelie hierdie valse egosentriese selfbeeld wat vertroue uitstraal en mag selfs populêr wees by ander leerders en opvoeders en hulle mag ook dalk selfs presteer op akademiese gebied.

Ondersteuning van die slagoffer van boeliegedrag en enige insident van geweld en/of trauma is noodsaaklik so gou as moontlik nadat ‘n insident plaasgevind het en gedurende die periode van die ondersoek

Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat die primêre indikatore van boeliegedrag is die tydsduur van die gedrag, mag en die voorneme om leed aan ander te doen. Dit is belangrik om daarop te let daar ‘n verskil is tussen die toevallige gespottery en gekskeerdery tussen vriende en dié wat geteister, afgeknou en geïntimideer word. Afhangend van die situasie, kan sommige of al die volgende toestande of situasies van hulp wees om leerders te identifiseer wat geboelie word uit te wys:

- **Leerders wat geboelie word, word dikwels op ‘n geniepsige en onaangename maniere geterg, verkleinerende en afbrekende byname genoem, gespot met hoon, belaglik gemaak voor hulle portiergroep, geïnitimideer, gedreig met geweld, beveel om bespotlike of afbrekende aksies of dinge teen hulle sin te doen, word gedomineer of onderwerp aan die boelie se gesag.**
- **‘n Leerder wat gereeld kneusings opdoen, geskeurde klere of beserings wat hy/sy nie kan verduidelik nie, wie se eiendom onverklaalbaar beskadig is of weggeraak het.**
- **Leerders wat geboelie word het dikwels geen of baie min skoolvriende en word dikwels sosiaal geisoleer. Hulle word ook dikwels laaste gekies vir groep of sportaktiwiteite al wil hulle ook hoe graag deelneem.**
- **Hulle laat hulle selde geld of kom die sosiale vaardighede kort om te reageer op ander se se gespottery en intimidasie of mag ook swak en maklik gedomineer word.**
- **Leerders wat geboelie word mag ook probeer om so na as moontlik in “veilige sones” op die skoolgrond tydens pouses, voor en na skool, bly of naby of naby die opvoeder aan diens bly en mag verskonings uit dink om so veel as moontlik tuis te bly.**
- **Hulle is regtig bang om skool toe te kom en na skool sal hulle in die skoolterrein ronddwaal totdat die boelie en sy trawante weg is.**
- **Hulle sal ouers smeek om hulle skool toe te neem sodat hulle nie op die bus hoef te ry nie**
- **Sal ook sonder goeie rede ‘n gedragspatroon verander en kwaad word en hulle humeur verloor sonder goeie rede.**
- **Gedurig na geld vra en kan nie verduidelik waarop dit uitgegee word nie.**

Opvoeders moet die magte gegee word om op te kan tree teen boeliegedrag

Daar word dikwels aangeneem dat opvoeders en personeel alle leerders ken of kan uitken, en dat boelies individueel op tree teen hulle teikens. Dit is baie maal nie so nie. Dit is nie altyd vir opvoeders en personeel om alle leerders te ken nie wat dit moelik maak om dissipline toe te pas. Dit is dus baie maklik vir die anonieme boelie om sy dade te pleeg. Maar dit is darem 'n begin as

die slagoffers sulke insidente aan meld. Maar opvoeders moet die magte gegee word om op te kan tree teen boeliegedrag. Dit is deel van die “boodskap” aan die skoolgemeenskap dat boeliegedrag en boelies se optrede nie in die skoolgemeenskap geduld sal word nie en dat slagoffers gehelp sal word.

Die dinamika van die boeliebende

Dit is veel moeliker om teen ‘n groep boelies op te tree. Enige sanksie kan by hulle die boodskap laat posvat ons kan dit vat, kom wat wil. Groepe is kohesiewe eenhede en moeilik om te hanteer. Dit is dus van uiterste belang om die groep op te breek en elke lid van die boeliebende individueel te benader en om elkeen afsonderlik te kry om verantwoordbaar te wees vir sy/haar dade en nie 'n massa verhoor te hou nie. Navorsing en ondervinding het getoon dat daar altyd “'n kanarie is wat sal sing” as die groep opgebreek word. Die hantering van sulke groepe verg egter die ervaring van 'n gesoute opvoeder wat al 'n paar jaar kinders onderrig en weet hoe om hulle te benader en te hanteer en verkieslik 'n persoon van statuur is soos die hoof, die vise-hoof of 'n graadhoof.

Dit is belangrik om “gevaarsones” waar boeliegedrag moontlik kan plaasvind, te identifiseer en sulke gebiede buite perke te verklaar of sulke gebiede onverwags tydens pouse en ander tye voor en direk na skool te besoek. Vra leerders om anoniem sulke plekke in briefies aan te dui of kry leerders om planne van die skool terrein te teken met sulke “gevaarsones” aangedui.

Insidente van boeliegedrag vind in alle skole plaas en dit is belangrik dat alle insidente met die nodige erns hanteer word

Alle opvoeders en personeel moet betrokke wees by die implementering van die beleid wat onder leiding staan van 'n koördineerder wat alle verslae en insidente verder sal hanteer nadat dit aangemeld is hetsy deur 'n leerder, 'n opvoeder, 'n personeellid of 'n ouer. Die koördineerder moet alle prosedures en die beleid van die skool korrek toepas en ook alle prosedures volg in alle gevalle. Sy/haar aanstelling moet aan alle lede van die skoolgemeenskap bekend gemaak word. Insidente kan by enige opvoeder of kantoorpersoneellid aangemeld word maar die koördineerder en die skoolhoof moet toesien dat alle gevalle konsekwent en betyds aangespreek en afgehandel word. Die opvoeder en kantoorpersoneellid by wie gevalle aangemeld word of dit waarneem moet dit met die nodige erns bejeen en hulle professionele oordeel gebruik hoe om elke geval te benader. Dit sal afhang van die volgende:

- **die ouderdom van die kinders wat betrokke is by die voorval/insident**
- **of die insident homself herhaal of die tydsduur daarvan**
- **die vlak van opset en kwaadwilligheid betrokke in 'n insident of reeks insidente**
- **die aantal individue betrokke**
- **kennis van vorige gedrag van individue betrokke**
- **die vlak(ke) van trauma betrokke**
- **die plek en tyd van die insidente**

**Boeliegedrag kan baie vorme aanneem.
Dit sluit in fisieke aggressie,
intimidasie, dreigemente, afpersing,
druk op slagoffers, verkleinerende
en lelike byname of honende gespottery**

Boeliegedrag word gedefinieer as **'n ongevraagde herhaaldelike patroon van agressie, verbale, psigiese of fisiese gedrag van 'n individu of 'n groep individue teenoor ander.** (Hierdie gedrag kan ook ongevraagde seksuele teistering insluit).

Geisoleerde insidente van agressiewe gedrag, wat geensins goedgekeur of geignoreer moet word nie, kan nie eintlik as boeliegedrag beskryf word nie, tensy die gedrag sistematies en aanhoudend voorkom.

Fisiese Agressie

Hierdie gedrag word meer deur seuns teenoor slagoffers geopenbaar as dogters. Dit sluit onder andere in rondstamp, spoeg, heen en weer rond te ruk en pluk, met die skouer te loop, slaan, klap, skop, die slagoffer te pootjie, te knyp, te byt, hare te trek, ore te trek, in die ribbes pomp, met die vinger teen die bors stamp. Dit kan ook die vorm van uiterste geweld aanneem. Seuns kan ook maak of hulle “speel” as ‘n dekmantel vir boeliegedrag. Dit kan ook dreigende geweld wees teenoor opvoeders en personeel.

Skade aan Eiendom

Persoonlike eiendom van leerders en/of opvoeders is ook dikwels die fokus van boelies. Dit sluit in maar is nie net beperk daar toe nie:

- Die skeur/beskadiging van kledingstukke
- Beskadiging en vernietiging van leerdermateriaal en skoolboeke
- Vernietiging of afneem en selfs diefstal van persoonlike eiendom
- Die uitgooi, rondstrooi, rondskop en vertrapping van die inhoud van tasse en skoolsakke
- Die breek en vandalisering van van persoonlike items en eiendom
- Die steel, eet, drink of uitstrooi van voedsel en koeldrank
- Brandstigting

Afpersing/Afdreiging/Afdwinging

Slagoffers kan afgepers word om “afkoopboetes” vir “beskerming” aan die boelie of boelies te betaal wat gepaard gaan met verbale dreigemente of self fisiese geweld. Snoepiegeld, lekkergoed, toebroodjies en ander items kan so verkry word van die slagoffer. Indien hy/sy weier word hulle gedreig dat hulle na skool bygekom sal word. Slagoffers kan ook gedwing word om kriminele dade te pleeg soos diefstal van goedere en winkeldiefstal. Soms word dit gebruik om die slagoffer te inkrimineer. Dit sluit ook afpersing in om slagoffers te dwing om seksuele dade en/of ander immorele dade te pleeg.

Intimidasie/Teistering/Afknouery

Intimidasie en teistering gaan gewoonlik gepaard met hewige aggressiewe lyftaal en ‘n dreigende

stemtoon wat as “wapen” aangewend word. ‘n Meer subtiele vorm is ‘n “kyk” aan die slagoffer wat haat en afkeur oordra. In die klaskamer of tydens byeenkomste kan dit giggel, slinkse kyke en ander gebare insluit wat deur ander leerders na-geaap word en die slagoffer in die verleentheid stel en die gevoel van hulpeloosheid en angs te vererger.

Anonieme elektroniese kommunikasie/Kuberboeliegedrag

Die maak van anonieme en lasterlike dreigoproepe, lasterlike oproepe, die stuur van intimiderende sms’e, valse aantuigings op webwerwe en in kletskamers, is ‘n vorm van verbale intimidasie. Dit word veral gebruik teen figure van gesag soos opvoeders en selfs ouers of selfs teen die top presteerders in die skool. (Soms is dit selfs die top presteerders wat hierdie gedrag openbaar teen ander).

Isolering/Uitsluiting van Slagoffers (verhoudingsboeliegedrag)

Hierdie sort boeliegedrag kom meer voor onder dogters. ‘n Slagoffer word geteiken en met opset geisoleer, geignoreer, uitgesluit uit alle groepspele en ander gesprekke deur ‘n sekere groep of selfs deur almal in ‘n klas. Dit gaan meesal gepaard met ‘n geskinder en verkleinerende opmerkings. Aanmerkings word oor die slagoffer geskryf op mure, op die swartbord, op hulle skoolboeke, by busstoppe en selfs op ander plekke soos die kleedkamers en SMSe word ook versprei.. Dit gaan ook gepaard met die rondstuur van geskrewe boodskape in die klas, of die hardop fluister in groep byeenkomste van onaangename en onwaarhede van die slagoffer. Partymaal is dit een groep wat neerkyk op ‘n ander groep weens sosiale omstandighede. Dit geskied ook op “facebook”, mixit en ander elektroniese kommunikasiemiddele.

Wanpersepsies oor boeliegedrag en die gevolge daarvan gedy in die gemeenskap

Volgens die outeurs van die webwerf *“Bully OnLine”* (‘n adviesdiens van die Verenigde Koningkryk se National Bullying Advice Line), is daar ‘n hele aantal wanpersepsies oor skool- en kinderboeliegedrag:

“Dit gebeur nie in ons skool nie” – O ja, dit gebeur in elke skool in die wêreld. Die pro-aktiewe skole tree onmiddelik, ferm en regverdig op teen sulke gedrag. Swak skole ignoreer dit, regverdig die gedrag, rasionaliseer dit, hanteer dit op ‘n onbeholpe manier, kry dit sou gou as moontlik uit die weg, blameer die slagoffer “dat hy/sy daarvoor gesoek het”, blameer die ouers van die slagoffer dat hulle ‘n papperd of “sissie” groot maak, en neem geen substantiewe positiewe aksie nie. In die meeste skole wat dit ignoreer of die skole wil nie erken dat dit wel plaasvind nie (O, nee nie in ons skool nie!), want sulke skole (veral as dit vooraanstaande skole is – soos onlangse gevalle in Bishops) wil slegte publisiteit ten alle koste vermy en die aandag deflekteer van die skool, die skoolhoof, opvoeders en die personeel.

“Ignoreer dit” – Moet nooit boeliegedrag of enige aanmelding daarvan ignoreer nie. Boelies tart juis hulle teikens om te sien of hulle gaan reageer en dit aanmeld. Indien daar geen verdere stappe van die slagoffer is om dit aan te meld nie, herhaal hulle die gedrag elke keer maar **met meer intensiteit**. Wanneer die gedrag voorkom, mag dit nie geignoreer word nie, ouers, opvoeders en personeel moet altyd bedag wees op die tekens van boeliegedrag, moet ‘n

geskrewe rekord daarvan hou, al is die boelie selfs net verbaal gewaarsku. ‘n Voortdurende bewusmakingsveldtog onder opvoeders, personeel, ouers en leerders moet gehandhaaf word deur middel van nuusbriewe, inligtingsessies en in die lewens oriënterings kirrikulum.

“Staan bietjie jou man” - Hoe ironies is die woorde van die wat nog nie boeliegedrag ervaar het nie. Slagoffers vind dit baie moeilik om hulleself teen boelies te verdedig.

“Slagoffers van boelies weet hoe om hulself fisies of verbaal te verdedig” – Die skoolgemeenskap, ouers en skole help nie vir leerders om die vaardighede van fisiese, psigises, emosionele en verbale selfverdediging aan te leer nie. Dit is omdat baie volwassenes self nie weet hoe om dit te doen nie. Die hulp van kundiges moet verkry word om opvoeders en ouers te bemagtig om die vaardighede aan die kinders oor te dra. (Veral vir ouers en opvoeders wat self slagoffers van boelies was).

“Slagoffers van boelies moet die boelie se gedrag met humor deflekteer” - Om vir ‘n sluiprower, verkragter of pedofiel te lag sal nie hulle aksies deflekteer nie. Hulle mag dalk die slagoffer doodmaak of ernstig aanrand. Die boelie kan ook doodmaak deurdat hulle die slagoffer daartoe dryf om selfmoord te pleeg of self tot die daad oorgaan. (Die term hiervoor is “Bullycide”). Indien die slagoffer verbouereerdheid voorkom is dit eintlik vrees, trauma en angs van die slagoffer. Boelies besit ‘n verbale vermoë wat party maal vir intelligensie aangesien word, maar dit gaan meer daaroor dat hulle soms patalogiese leuens vertel en baie slinks is met ‘n oppervlakkige sjarme en ‘n “teflon” vermoë. Kinderboelies (veral reeksboelies) is veral gesout daarin om volwassenes ‘n rat voor die oë te draai met hulle optredes, veral volwassenes wat nie so gesofistikeerd is en bekend is met boeliegedrag nie.

Die slagoffer moet reageer en terugslaan - Dit word so by leerders ingedril dat hulle nie enige vorm van fisiese geweld teenoor ander moet gebruik nie (‘n mens kry natuurlik altyd die uitsondering op die reël in sommige huisgesinne) dat die goed opgevoede leerder en slagoffer sal huiwer om fisiese geweld terug te gebruik ter verdediging. Daarom is dit frustrerend vir die slagoffer as sy/haar ouer hom/haar aanmoedig om terug te slaan want dit is juis die teenoorgestelde wat altyd aan hulle voorgehou word en hulle word soms baie ernstig vermaan/gestraf as hulle sulke gedrag openbaar. Slagoffers weet ook dat as hulle terugslaan (letterlik of figuurlik) dat die boelie so ’n goeie akteur is dat hy/sy dan self slagoffer speel (selfs met ’n geween en handewringing ens) en dan het die boelie nog steeds in sy/haar doel geslaag enwant dan word die regte slagoffer nog steeds gestraf ter aanskoue van die boelie. Sodra die volwassene sy/haar rug draai dan slaan die boelie weer toe. Slagoffers is ook dikwels leerders met hoë morele waardes en ‘n duidelike persepsie dat konflik eerder deur dialoog opgeklaar moet word. Dis wat van hulle deur die beskaafde samelewing verwag word. Boeliegedrag is ‘n kenmerk van ‘n gebrek aan integriteit en ‘n swak karakter.

Boelie gedrag maak jou “tough” vir die lewe - Boeliegedrag tel onder dieselfde gedrag as teistering, diskriminasie, rassisme, geweld, fisiese mishandeling, pedofilie, seksuele teistering en mishandeling en verkragting. Dit veroorsaak trauma, fisiese beserings en onmeetbare sielkundige skade (soms vir die res van ‘n persoon se lewe) wat lei tot ‘n verswakking van die slagoffer se selfbeeld, ongewone gedrag, laer akademiese prestasie, ’n laer lewens kwaliteit, gesondheidsprobleme veroorsaak en van hulle nie-produktiewe burgers van die land maak. Slagoffers ly ook vir baie lank aan post traumatiese sindroom.

Boeliegedrag is iets wat ons almal moet deurgaan en oorkom. Dit is deel van die lewe, jy

moet dit net aanvaar - Dit gaan die verstand te bowe dat mense verklaar dat intimidasie, diskriminasie, rassisme, geweld, aanranding, bekruiping, fisiese mishandeling, seksuele mishandeling, molestering, verkragting, terrorisme en huislike geweld iets is wat elkeen maar moet deurgaan en iets wat oorkom moet word. Dit is nie menswaardig nie en onaanvaarbaar!

Daar is nie wette teen boeliegedrag nie dus moet dit aanvaarbaar wees. Die feit dat die Skolewet en die Gauteng Departement van Onderwys se regulasies nie boeliegedrag omskryf nie, is nie 'n verskoning daarvoor nie. Boeliegedrag is 'n onaanvaarbare sosiale gedrag of dit in wetgewing omskryf word of nie, dit versteur die opvoedingsproses in die skool en vernietig talle leerders se sosiale omgang met ander mense en verorsaak ‘n lae kwaliteit van lewe.

Persone wat geboelie word is “sissies” en swakkelinge. Die meeste leerders wat deur boelies geteiken word is intelligent, respekvol, eerlike, kreatief, het 'n hoë emosionele intellek, 'n sterk sin vir regverdigheid en hoë integriteit met 'n afkeer aan agressie. Boelies (sonder voorgenome kwaliteite) sien dit as swakhede wat uitgebuit moet word. Die teiken is dikwels 'n kind met 'n hoër emosionele rypheid wat maklik met volwassenes en ander oor die weg kom. Die woord “teiken” word met opset gebruik om aan te toon dat boelies uit hul pad gaan om sulke leerders te identifiseer en te teister. Boelies word soms uit jaloesie en nyd aangedryf en het 'n obsessie en kompulsiwiteit om ander wat beter as hulle presteer te “vernietig” sodat die boelie en sy trawante **self** die kalklig kan geniet.

Boelies is psigologies sterk. Boelies is swak, disfunksioneel en emosioneel onryp anders het hulle nie die behoefte om ander te boelie gehad nie. Wat sommige sien as “emosionele krag” is inderwaarheid 'n agressiewe gedetermineerdheid om op ander se emosionele grense inbreuk te maak, hulle regte te verontagsaam, geen respek vir hulle privaatheid nie, sonder enige besef van die nagevolge van hulle optredes en 'n onuitputbare reeks van verskonings en 'n rasionalisering van hulle optrede en aggressie. Hulle rasionalisasie is gewoonlik om 'n aanvaarbare rede daar te stel vir hulle onaanvaarbare optrede, manipulasie en gedrag. Menige volwassene word deur hierdie bedrieglike manipulasie vir die gek gehou tot groot vermaak van die boelie en sy/haar aanhangers.

Niemand hou buitendien van die slagoffers nie - Terwyl dit waarskynlik is dat 'n baie klein persentasie van die slagoffers 'n onaanvaarbare karaktertrek het, is dit nog nie 'n regverdiging daarvoor om diesulkes met geweldadige optrede aan te rand of hulle menswaardigheid te skend nie. Studies het aangetoon dat 50 – 57% van kinders word by die skool geboelie. Die stelling dat die meeste dus onaanvaarbare gedrag openbaar is nie geldig nie. Dit is inteendeel juis die boelie waarvan bitter min kinders hou.

Slagoffers blameer hulself vir hulle probleme. Dit is 'n kenmerk van alle teisteraars (boelies) (of hulle nou skool- of volwasse boelies of seksuele teisteraars of geweldadige lewensmaats is wat ander in huislike omstandighede aanrand en/of pedofiele is) dat sulke persone daarop uit is om ander te manipuleer én te intimideer deur die gebruik en stimulasie van hoë vlakke van vrees, ontmagtiging, verleentheid en skuldgevoelens. Dit is ook hulle standaard psigotiese gedrag om elke bewering van aanspreeklikheid terug op die aanklaer te deflekteer en die slagoffer as die skuldige party te blameer.

Elkeen is in staat om ander te boelie. Terwyl dit miskien waar mag wees, is boelies bekend daarvoor en hou hulle daarvan om hierdie stelling te hoor as 'n regverdiging vir hulle immorele optrede teenoor ander. Dit stel hulle optrede gelyk aan normale optrede van ander. Hulle stelling

“dat almal in staat is om te boelie” is net so korrek as om te beweer “dat almal in staat is tot verkragting” of “almal is in staat tot pedofiele gedrag” en die beste een “almal is in staat tot moord”. Die verskil is dat dit teoreties waar mag wees dat enige persoon in staat is tot enige misdaad, dié meerderheid 'n keuse uitoefen om nie hierdie misdade te pleeg nie, terwyl die boelie die keuse uitoefen om op 'n daaglikse basis ander se lewe letterlike hel te maak in die skoolopset. Wanneer hulle daarmee gekonfronteer word, verkies hulle om dit te ontken of hulle gedrag te regverdig of dit te rasionaliseer.

Kinders wat geboelie word, word groot as baie “tougher” mense. Boeliegedrag is 'n vorm van fisiese en/of psigiese gedrag en/of geweld wat daarop gemik is om ander maksimaal fisies, psigies en emosioneel af te kraak en aan te rand en (baie maal) lewenslank te traumatiseer en te skend. As 'n ledemaat gebreek word, word dit nie sterker nie, dit is lewenslank beskadig. Dieselfde met emosionele of psigiese beserings. “Ek maak net seker dat die persone wat ek boelie sterker daaruitkom” is 'n valse rasionalisasie en verskoning van die boelie vir sy/haar gedrag of die bekende “ek het net gespeel”. Die boelie speel 'n gevaarlike spel met ander se lewens. Dit is in werklikheid 'n abdikasie van die boelie om sy/haar boewery vir hulle geweldadige en intimiderende en teisterende gedrag te regverdig veral die gevolge van hulle gedrag.

Boelies is “sterk” mense.Boelies is persone wat swak van karakter is. Hulle is lafaards wat gewoonlik nie op 'n sosiale aanvaarbare manier met ander kan verkeer nie wat tot psigiese en fisiese geweld hulle toevlug moet neem om erkenning in die samelewing te kan geniet en om hulself te laat geld. Net persone wat swak van karakter is, is boelies!

Geweldadige video en rekenaar speletjies maak kinders geweldadig Die meeste kinders speel geweldadige video en rekenaarspeletjies maar net 'n paar is regtig geweldadig. Daarom is geweldadige video en rekenaarspeletjies nie die regte oorsaak van boeliegedrag nie, dit mag dalk 'n bydraende faktor wees, maar die teendeel sou wees dat almal wat dit speel boelies sal wees. As jy geweldadige speletjies verban, sal geweldadige kinders nog steeds geweldadig wees, al wat sal gebeur is dat hulle die keuse om geweld uit te oefen op ander wyses sal manifesteer. Dit is egter 'n feit dat die samelewing al hoe meer gedesensiteer is vir geweld want ons en ons kinders word daagliks in die media en op televisie daarmee gekonfronteer. Daarom is dit noodsaaklik dat daar veral op die ouers die taak rus om kinders op te voed om nie sulke gedrag te openbaar teenoor ander nie, maar te dikwels word dit ongelukkig aan die opvoeder geabdikeer wat weer met vol klasse sit en nie geredelik onaanvaarbare gedrag kan aanspreek nie en dikwels word die opvoeder deur sulke kinders geïgnoreer.

Ons het hier 'n stelsel van “geen blaam word toegewys nie”. Dit is ‘n beleid of riglyn wat met groot omsigtigheid hanteer moet word. In sommige gevalle, hoofsaaklik die minder ernstige gevalle van boeliegedrag, kan wolf skaapwagter gemaak word. Die boelie moet altyd verantwoordelik gehou word vir sy/haar optrede en dade, wat heeltemal verskillend van enige sanksie is. Die boelies wat dan aanhou om te boelie moet gemoniteer word en onderwerp word aan ‘n eskalerende sanksie, insluitend skorsing en uitsetting of selfs regstappe deur die ouer en/of skool. Dit is die manier wat die gemeenskap met oortreders handel. In die algemeen is die “geen blaam” beginsel gewild onder volwassenes wat die minste kennis het oor boeliegedrag en die naletanskap daarvan. Soos alreeds genoem is kinderboelies werklike manipuleerders van omstandighede en van swak of oningeligte volwassenes en weet dat die “geen blaam” beginsel gelyk is aan “geen verantwoording”. Indien die “geen blaam” beginsel verkeerdelik toegepas word is dit soortgelyk daaraan om die slagoffer aan die sorg van ‘n pedofiel toe te vertrou.

Kinders wat geboelie word is skaam en teruggetrokke. Dit mag miskien waar wees, maar die kinders is gewoonlik ook selfstandig en nie afhanklik van ander se goedkeuring nie. Hulle het nie die behoefte om by bendes aan te sluit, klieke te vorm, of die nuutste elektroniese toebehore te besit of modes te dra nie of deel te neem in klaskamer politiek nie. Die boelie werk hard om die teiken te isoleer, uit te sluit en van alle aktiwiteite en weg te hou gewoonlik deur geweld of met skindervelddtogte.

Jy moenie die boelie met die gereg aan vat nie, dit verleng net die trauma. Boeliegedrag val in dieselfde kategorieë as huislike geweld, seksuele teistering, verkragting en pedofelie. Baie boelies (as hulle nie vroegtydig gestuit word nie) sal in hulle volwasse lewens een van die laasgenoemde oortredings sowel as ander anti-sosiale gedrag openbaar of uitvoer. Navorsing toon dat 60% van boelies met die gereg gebots het teen die ouderdom van 24 en verskeies sal in die gevangenis wees of selfs hulle lewens in die uitvoering van misdade verloor. Om boelies verantwoordbaar te maak vir hulle optredes is nie dieselfde as om die trauma te verleng nie. 'n Klein getal boelies sal hulle na die howe wend (en bygestaan deur hulle ouers, wat nie kan glo dat hulle bloedjies tot sulke dade in staat is nie) maar dit moenie verhoed dat die slagoffer die dade van die boelie net afmaak en vermy nie, want die aksie van die boelie is net verdere boeliegedrag.

Die boelie en die slagoffer is in 'n "soort vriendskap" betrokke – Boeliegedrag is nooit vriendskaplik nie. Dit is 'n vorm van boewery wat tot lewenslange psigiese skade kan lei en selfs tot selfmoord of selfs daartoe aanleiding gee dat die slagoffer terugslaan en almal in sy onmiddelike omgewing daarby betrek. (Soos in die Columbine slagting in Amerika in 1999). Navorsing deur die Universiteit van Warwick het aangetoon dat boeliegedrag tot post traumatiese sindroom by alle slagoffers lei, en dat hulle hard aan hulle selfbeeld moet werk deur middel van berading om letterlik en figuurlik uit die kloue van die boelie te kom en weg te bly. Ten minste 16 kinders pleeg elke jaar in die Verenigde Koningkryk selfmoord as gevolg van boeliegedrag party tot so jonk as ses jaar oud! In die VSA, Japan en ander lande is dit selfs meer.

Boelies is populêre kinders – Boelies word dikwels deur ander kinders omring nie uit populariteit nie maar uit vrees. Die boelie kan gewoonlik nie langtermyn, ware vriendskapsbande (wat op lojaliteit, vertroue, en wedersydse respek gebaseer is) met ander opbou nie. Daar is gewoonlik 'n soort simbiotiese band met 'n meeloper of aanhanger. Hy/sy en die ander party het mekaar op een of ander wyse nodig en dis gewoonlik deel van 'n strategie om 'n alliansie te vorm vir mag en beheer oor ander. 'n Werklike nadere ondersoek van die boelie se "vriendskappe" is gebou op die wankelrige fondamente van klieke waarin die elemente van ware vriendskap ontbreek. Party kinders sal hulself met die optrede van die boelie vereenselwig om in 'n front van bravade soos die boelie optree en sodoende die "beskerming" van die boelie te geniet – maar dit kom teen 'n dure prys- want hulle is gedurig bang dat die boelie op 'n dag sal omdraai en **hulle** die slagoffers sal word van sy/haar aanslag teen ander. Die kinders wat nie by die klieke of bende aansluit nie word teikens in die proses.

Boelies het 'n gesonde selfbeeld . Persone met 'n goeie, gesonde selfbeeld het nie nodig om ander te boelie nie en geniet net postiewe interaksie met ander. Boelies het net negatiewe interaksies met ander wat die kenmerk van 'n lae selfbeeld en emosionele kleinlikheid is. Die stelling dat boelies 'n gesonde selfbeeld het kan daaraan toegeskryf word dat die arrogante selfversekerde houding, front van traak my nie agtigheid, regering deur mag, narsissme en houding van ontasbaarheid as 'n gesonde selfbeeld aangesien mag word.

Jy sal nooit die voorkoms van boeliegedrag stopsit nie. So kom ons hou op om ander te leer om hulself te laat geld in die samelewing. Dit is sinvol om ander te leer om hulself teen boelies te verdedig, maar dit moet nie as 'n rookskerm gebruik word om boelies nie verantwoordbaar te hou vir hulle onaanvaarbare gedrag en optrede nie. Enige anti-boelie program wat nie hierdie element bevat of onderskryf nie sal net 'n beperkte sukses behaal. Die samelewing sal nooit heeltemal ontslae wees van teistering, diskriminasie, rassisme, mishandeling, molestering, pedofelie ens, wees nie, maar die skoolgemeenskap moet nooit moed opgee nie en aanhou probeer om die probleem aan te spreek. Anti-sosiale gedrag soos boeliegedrag sal net opgelos word deur die oorsaak te identifiseer en aan te vat en nie om dit weg te steek onder die spreekwoordelike klip, of dit te af te maak of die effekte daarvan weg te praat of te ignoreer nie. Ongellukig word die voorkoms van die soort gedrag deur baie mense (die meeste daarvan volwassenes) as van minder belangrik afgemaak en word die fokus net op die teikens van boeliegedrag geplaas en nie die oorsaak van die probleem – die boelie en hoekom hy/sy boelie nie.

Tot redelik onlangs is boeliegedrag onder dogters nie opgemerk nie, omdat hulle gedrag nie die tipiese boeliegedrag van ooglopende geweld wat meer met seuns geassosieer word weerspieël nie.

Tot redelik onlangs is boeliegedrag onder dogters nie so geredelik opgemerk nie, omdat hulle gedrag nie die tipiese boeliegedrag van ooglopende geweld wat meer met seuns geassosieer word weerspieël nie. Daar is net hier en daar genoem dat ‘n dogter ook geweld kan gebruik in boeliegedrag. Die meer subtiele en onopmerklike vorms van negatiewe agressiewe gedrag was nie sorgvuldig opgemerk, geidentifiseer en in vroeë studies aangeteken nie. Die gedrag is meesal afgemaak as dogters wat as “feekse” optree en is onderskat omdat die fokus op waarneembare boeliegedrag was.

Om boeliegedrag van dogters te verstaan moet ons eers kyk na hoe dogters se sosiale interaksie en hoe hulle met mekaar funksioneer aangesien hulle hierdie struktuur as meganisme gebruik vir die meer subtiele vorms van boeliegedrag. Dogters se vriendskappe draai om ewigdurende wisselende tweeledige aliansies wat jaloers bewaak en vertroetel word deur die partye betrokke in so ’n verhouding en reflekteer begrippe soos eksklusiwiteit, intensiteit, vertroulikheid en openheid. Hierdie hegte vriendskapsbande dra daartoe by dat dogters beter sosiale vaardighede, groter emosionele vertroulikheid en openheid onder mekaar het as seuns. Die aanname in studies is dat dogters wat nie deel het aan die vriendskappe in die portuurgroep nie of wat deur hulle verwerp word daaronder sal ly.

Verbale kommunikasie en subtiele lyftaal tussen dogters is dus die sentrale aspek van hulle verhoudings. Wat gesê word, en deur wie, en hoé, en oor wie, is dus baie belangrik vir sulke vriendskappe en dit ontwikkel meer vertroue, lojaliteit en openheid soos die vriendskap ontstaan en vorder. Nadat hierdie tweeledige band versterk word is dit iets wat normaalweg al hoe meer met 'n passie beskerm en opgepas word deur dogters. Dit baan die weg vir agressiewe interaksies tussen dogters wanneer ander probeer om by die vriendskapbetrokke te raak en in te dring, of een van die partye af te rokkel, of veroorsaak dat 'n vriendskap skipbreuk lei. Hierdie tweeledige hegte vriendskappe opereer weer in groter klieke wat op hulle beurt weer eksklusiwiteit, vertroulikheid en openheid bevorder.

Onder dogters is taal én lyftaal die gereedskap waarmee vriendskappe gesmee word of om ander te verwerp. Daar is bevind dat wanneer dogters verbaal kommunikeer dit will voorkom asof hulle 'n openbare en 'n geheime agenda het. Om “gaaf” te wees en te lyk of hulle vriendskappe wil onderhou maar terselfdertyd werk daarvan maak om hulle eie individuele doelwitte te bereik.

Dit is dus die kenmerke van openheid en openbaarmaking van geheime aan hulle vriende wat slagoffers meer kwesbaar maak wanneer vriendskapsbande verbreek word. Intieme geheime is deel van die “taal' van die vriendskap. Wanneer dit kwaadwillig en met opset aan ander bekend gemaak word met die doel om leed te veroorsaak, word dit deel van die arsenaal om die voormalige vriend bloot te stel aan spot, hoon, verkleinering en verwerping. 'n Verhouding wat eens gelyk was wat mag en status betref het, het ongebalanseerd geraak met een dogter wat die ondersteuning van die ander verkry terwyl die ander in die “buitenste duister” gewerp word.

Die struktuur en aard van dogters se vriendskappe verskaf gevolglik die teel-aarde vir boeliegedrag wanneer verhoudings skipbreuk ly deurdat mag eensydig verplaas word wat lei tot manipulasie en negatiwiteit wat ander van die portuurgroep aanspoor om kant te kies. Hierdie gedrag word ook geopenbaar as twee dogters vir die aandag van dieselfde seun wedywer.

Uit navorsing het dit na vore gekom dat dogters te kenne gee dat boeliegedrag tussen dogters amper nooit fisies van aard is nie en dit is dus geen wonder dat dogters nie as boelies in vroeër studies uitgewys is nie omdat daar net op die fisiese sy van boeliegedrag gekonsentreer is. Dogters se direkte en indirekte verbale gedrag en lyftaal, nl. spot, uitjouery, teistering, kritiek op ander se voorkoms, skinder, versprei van stories en gerugte word deur dogters uitgewys as opsetlike aanvalle om hulle leed aan te doen en gevoelens seer te maak. Dít is die meganismes wat dogters gebruik as magsvertoon en om dominasie en beheer oor ander van hulle geslag te kry. Hierdie negatiewe sosiale manipulasie wat die verkryging van ander se ondersteuning vir hulle optredes vereis, deflekteer die aandag weg van die boelie wat die aksie inisieer en haar help om in die massa te “verdwyn”. Soos ander dogters by die boeliegedrag betrokke raak, word die inisieerders se agressie, betrokkenheid en doel met dié gedrag effektief gekamoefleer. Dit laat die reputasie van die inisieerder dus ongeskonde - wat belangrik is in terme van haar sosiale status en populariteit in die portuurgroep en selfs met opvoeders en ander volwasse persone.

Verbasend genoeg word die volgende gedrag **NIE** deur die meeste dogters as boeliegedrag geklassifiseer nie – om ander dogters te vertel dat dit nie “cool” is om met ander te speel of te assosieer nie (uitsluiting/isolering) aangesien dit volgens hulle nie voldoen aan boeliegedrag nie. Maar die teendeel het bewys dat dit een van dié negatiewe gedragspatrone is waaraan dogters meemaak wat die slagoffers die meeste seermaak. Dogters verdedig hulle standpunt deurdat hulle die status quo van hulle tweeledige verhoudings wil beskerm wat bedreig gesien word deur “buitestaanders”. Dit blyk dat hierdie negatiewe gedrag tweeledig is:

- ‘n spesifieke doel om teen ander “op te tree”, miskien uit weerwraak, en
- ‘n spesifieke intensie om die vriendskapsbande teen die ‘indringing’ van buite te beskerm.

Boeliegedrag onder dogters wat as **verhoudingsaggressie** bekend staan het net een doel – om verhoudings te verbreek of te “beskerm” en word dit op ‘n onderduimse slinkse manier wat nie maklik herkenbaar is nie, uitgevoer.

Die rol van omstanders in die boeliesirkel word meesal nie na waarde geag nie

Omstanders van die boelieslagoffer se portuurgroep is dikwels getuies van soveel as 85% van alle boeliegevalle wat tydens skoolure/skoolaktiwiteite plaasvind. Deur hulle gedrag beïnvloed en manipuleer hulle die uitkoms van elke boelie insident. Omstanders kan die tydsduur en intensiteit van die insident bepaal en kan ook selfs deelnemers word deurdat hulle aandag gee aan die insident en die boelie verbaal aanmoedig. In 'n speelgrond studie is bevind dat omstanders 54% van hulle tyd spandeer deur net passiewe waarnemers van insidente te wees, 21% van hulle tyd is hulle aktief besig om boelies na te aap in hulle optredes en ander spandeer 25% van hulle tyd om tussenbeide te tree as boelie-insidente waargeneem word. Dit is alles tyd wat baie meer produktief aangewend kon word om ander aktiwiteite wat meer sinvol is, te beoefen.

MOETS	**MOENIES**
Die skool se beleid oor boeliegedrag moet ten strengste toegepas word as deel van die skool se gedragskode	Moenie sê dat boeliegedrag nie in die skoolopset voorkom nie.
Aanvaar dat boeliegedrag wel in die skool plaasvind	Moenie sê : "Gaan weg, ek is nou te besig om na jou te luister nie."
Neem alle aanklagtes en aanmeldings ernstig op	Moenie aannames maak as gevolg van vorige insidente wat plaasgevind het nie.
Stel onmiddelik of sou gou as moontlik ondersoek in na 'n insident aangemeld is deur 'n leerder, opvoeder of ouer	
Wees ten alle tye objektief en tree onpartyddig op teenoor alle partye tydens die ondersoek	
Respekteer vertroulikheid en beperk die bespreking van 'n geval tot die wat regstreeks daarby betrokke is en enige stappe wat geneem word as gevolg van 'n insident	
Hou inligting oor insidente en die insidentvorms in 'n aparte leêr vir elke leerder as hulle portefeuljes	
Maak seker dat positiewe sanksies aan oortreders opgelê word en dat hulle sal verstaan dat boeliegedrag total onaanvaarbaar is in die skool.	

Daar is 'n verskeidenheid van rolle wat omstanders kan vervul. Navorsing het aangetoon dat dit beskryf kan word as ondersteunend, deelnemend, passief waarnemend en somtyds tree hulle tussen beide. Omstanders het dus 'n heel onderskatte rol te speel in die voorkoming en bevordering van anti-boelie gedrag onder die massa.

Alle toepaslike maatreëls moet geneem word om te verseker dat skooldissipline toegepas word met die nodige waardigheid teenoor die kind.

Advies hoe om insidente te hanteer:

Elke kind wat ten prooi val van ‘n boelie is een kind te veel!

Indien kinders herhaaldelik onreg aangedoen word en daar bitter min gedoen word om dit te voorkom, dan is dit nie net hartseer nie maar ook uiters lewensgevaarlik. Elke kind wat ten prooi val van ‘n boelie is een kind te veel. Party van die slagoffers sal so ver gaan om selfmoord te pleeg en ander sal terugslaan met geweld en op ander slinnkse maniere en so word die sirkel van onreg voltooi.

Wanneer boelies toegelaat word om regdeur hulle skoolloopbaan ander te intimideer, te teister en aan te rand sonder dat dit paslik aangespreek word en verhoed word, word hulle nie net ‘n gevaar vir hulleself nie, maar ook vir die samelewing én die breë gemeenskap. Sonder daadwerklike intervensie sal hierdie kroniese boelies begin om gevaarlike wapens te dra en baie sal selfs kriminele word.

Daar is bewys dat boeliegedrag voorkom kan word en dat beide boelies en slagoffers op ‘n gepaste wyse gehelp kan word. Bewusmakings- en voorkomingsprogramme werk indien dit toegewyd toegepas word.

In hierdie inligtingstuk is daar dalk stellings gemaak wat as ‘n bietjie kras mag voorkom, maar om geboelie te word en om ‘n slagoffer van ‘n boelie te wees is geen grap nie want iemand se lewe is op die spel.

BRONVERWYSINGS

Looking Under the Stone	EducationGaurdian.co.uk
Tackling Homophobic Bullying	NASUWT Hillscourt Education Centre
National Schools Safe Framework	Student Learning and Support Services Taskforce
Dealing with Bullies and How not to be one	Watkins Carol, M Northern County Psychiatric Associates
Bullying and Victimization:	
The problems and solutions for schoolaged children	Canada – National Crime Prevention strategy
Tackling Bullying: Listening to the Views of Children	
And Young People	Oliver Christine, Candappa Mano – Thomas Coran Research Unit (2003)
Female Bullying: Relational Aggression	Rhadigan Cortney C
Schoolwide Prevention of Bullying	Northwest Regional educational Labarotory
Bullying Prevention is Crime Prevention	Fox Alan et al
Tackling Bullying in Renfrewshire	Renfrewshire Council
Bullying is not a fact of life	US Department of Health and Human Services
Anti-Bullying and Antiracists Policy and Guidelines	
For Educational Establishments	City of Edinburgh Education Department
Girls, Bullying Behaviours and Peer relationships:	
The Double Edged Sword of Exception and Rejection	Leckie Barbra University of South Australia/Flinders University
It's all my Fault	Boulton Mike, Dr Young Minds Magazine 74
The Buzz on Bullying	American Schools Counselor Association
A Guiding Framework for Policy approaches	
To school bullying and Violence	O'Moore Mona , Trinity College, Dublin
A Meta Evaluation of methods and approaches	
To reducing bullying in pre-schools and early	
Primary school in Australia	Attorney-General's Department Australia
Bullying information for Schools	Cleary, Mary Principal of Colenso High school, Napier
Guidelines on Countering Bullying Bahaviour	
In Primary and Post-Primary Schools	Department of Education and Science – Ireland
Why you should be concerned about bullying	The Scottish Council for Research in Education

A Survey of Bullying Behaviour amongst Maine Third Graders	Silvernall David L et al, Centre for Educational Policy, Applied Research and Evaluation, University of Southern Maine, USA
Children First – National Guidelines for the Protection and welfare of children	Irish Health Boards
Hoërskool Tuine Gedragskode	Beheerliggaam van Hoërskool Tuine
Bruised Inside	A Report of the National Association of Attorneys General – USA
Interventions to Reduce School Bullying	Smith Peter K et al – Canadian Journal of Psychology Vol 48, No 9 December 2003
Consequences of Bulling in Schools	Rigby Ken Canadian Journal of Psychology Vol 48, No 9 October 2003
Hate Crimes in Massechusetts	Reilly Tom Office of the Attorney-General
Hostile Hallways – Bullying, Teasing and Sexual Harrassment in School	AAUW Educational Foundation
APA Briefing Sheet on Bullying	American Psychological Association
Together We can Stop Bullying	Birmingham City Council
Sticks and Stones May Break My Bones And bullying May Hurt Me: Interventions For the Bully/Victim Problem	Klassen Jalene Ruth -Tesis

BEPAAL DIE BOELIE-INDEKS VAN JOU SKOOL

DIE “MY LEWE OP SKOOL” –VRAEBOOG

HOE OM DIE VRAEBOOG AAN TE WEND

Hierdie vraeboog is oorspronklik opgestel en ontwerp deur Tiny Avora wat weer angepas is deur die Birminham Opvoedkundige Diens. Dit beskryf insidente wat deur leerders ondervind word in hulle daaglikse skoollewe in ’n week. Omtrent die helfte is dinge wat aangenaam is of neutraal is en die ander helfte minder aangenaam. Die vraeboog is so ontwerp dat dit die fokus van boeliegedrag af weg lei en het drie spesiale kenmerke:

Buigsaamheid:

Die vraeboog kan aangepas word om vir enige skool se omstandighde voorsiening te maak. Indien dit aamhepas word is dit noodsaaklik om voorsiening te maak vir ’n eweredige aantal aangename en onaangename items voorsiening te maak.

’n Indirekte maar ’n presiese maatstaf om boeliegedrag in die skool te meet:

Die vraeboog vermy die direkte vraag: “word jy geboelie?” Die vraag word vermy want:

Daar is verskeie vorme van boeliegedrag
Kinders definieer boelie op verskillende maniere.
Die woord “boelie” kan negatiewe gevoelens by kinders laat ontstaan en dan sal hulle nie eerlik wees in hulle antwoorde nie.

Die vraeboog verwys na die onmiddelike verlede:

Leerders word net gevra om oor die laaste week se gebeure wat verby is verslag te lewer. Herinneringe van insidente van meer as een week gelede mag vaag en onakkuraat wees.

DIE TOEDIENING VAN DIE VRAELYS

Stel die vraelys aan leerders bekend

Daar moet aan leerders verduidelik word hoekom hulle gevra word om die vraeboog in te vul, byvoorbeeld: “ Ons wil graag weet wat met mense in die skool gebeur. In die vraelys is daar verskeie voorbeelde van dinge wat met jou dalk gedurende die laaste week gebeur het. Lees die eerste item aan die leerders voor en wys hulle hoe om die vrae te beantwoord. Elke vraag kan hardop uit gelees word en die vraelys kan dan so saam voltooi word. Leerders jonger as 8 moet dalk bygestaan word en die merkies kan dan namens hulle ingevul word.

Bereik die regte atmosfeer

Leerders moet op hulle eie die vrae voltooi sonder enige besprekings met ander leerders of die klasopvoeder.

BEPALING VAN DIE BOELIEGEDRAG INDEKS VAN DIE SKOOL

Die vraeboog kan aangewend word om die vlakke van die voorkoms van boeliegedrag en die algemene boelie indeks en aggressie indeks in die skool te bepaal. Die vraeboog kan dan ’n appar maande later, nadat die boeliebewusmakingsveldtog ’n ruk geloop het, weer toegepas word om te sien of die veldtog en ander strategieë besig is om te werk. Die meeste skole sien ’n daling in die twee bogenoemde indekse. Dit is wenslik dat die selfde leerders elke keer gebruik word om die lyste te voltooi om vir ’n werklike veregelyking te sorg.

Die sleutel items om boeliegedrag te bepaal is die volgende:

Item 4: Het probeer om my te skop
Item 8: Het gesê dat hulle my gaan slaan
Item 10: Het probeer om my te kry om vir hulle geld te gee
Item 24: Het probeer om my seer te maak
Item 37: Het probeer om iets van my te breek
Item 39: het probeer om my te slaan

OM DIE INDEKS TE BEPAAL GEBRUIK DIE VOLGENDE STAPPE:

Stap Een:

Vir elk van die ses items hierbo, tel die aantal kere wat dit onder die ‘kategorie meer as een keer’ afgemerk is. Doen dit afsonderlik vir elk van die afsonderlike items 4, 8, 10, 24, 37 en 39.

Stap Twee:

Deel die totale getal van elke item deur die aantal vraelyste wat voltooi is. Dit sal u die persentasie gee van die leerder response vir elke item.

Stap Drie:

Tel die ses persentasies bymekaar.

Stap Vier:

Deel die totaal deur ses tot op twee desimale punte. Hierdie getal is die Boeliegedrag Indeks vir die skool.

Die algemene aggressie indeks kan uitgewerk word deur stappe een en twee hierbo te volg en dan die volgende stappe te volg:

Stap Drie:

Vir elk van die ses items tel die aantal kere wat dit onder die kategorie ‘net een keer’ afgemerk is. Doen dit afsonderlik vir elk van die afsonderlike items 4, 8, 10, 24, 37 en 39.

Stap Vier:

Deel die totale getal vir elke item afsonderlik deur die getal vraelyste wat voltooi is. Dit sal u die

persentasie leerders response gee vir elke item.

Stap Vyf:

Tel al twaalf persentasie bymekaar.

Stap Ses:

Deel die totaal deur twaalf tot op twee desimale punte. Die verkrygde resultaat is die Aggressie Indeks van die skool.

Interpreteer die resultate: geslagsverskille

Seuns se response is normaalweg twee tot drie maal hoër as dogters sin. Dit beteken nie noodwendig seuns meer as dogters geboelie word nie. Dogters is meer geneig om meer subtieler en indirek ander te boelie wat nie in die vraeboog na verwys word nie. Die ses items wat gebruik word om die boelie indeks te bereken is bevoordeeld tot fisieke boeliegedrag. Gevolglik sal seuns wat boelie makliker in die indeks opgespoor word as dogters. Maar dit is goed bekend dat fisiese en psigiese boelie dikwels saam plaasvind en kan daar gevolglik die afleiding gemaak word dat albei vorme van boelie wel plaasvind.

Vir dieselfde rede sal dogters wat geboelie word ook nie so maklik met net die geidentifiseerde ses items uitgewys word nie. Ander items soos byvoorbeeld item 35, 'het my uitgelag of op ‘n lelike manier vir my gelag' of item 38 'het 'n leuen oor my vertel' mag dalk nuttig wees om dogters wat geboelie word aan te dui. Alternatiewelik kan addisionele items wat meer indirekte vorms van boeliegedrag uitwys, by die vraeboog gevoeg word. Die vraeboog volg op die volgende twee bladsye.

MY LEWE OP SKOOL VRAELYS

Merk net die kolom met √ wat op jou van toepassing is. Moenie jou naam hierop skryf nie

Ek is ’n seun ☐

Ek is 'n dogter ☐

Hierdie week het 'n ander kind	Nooit	Een keer	Meer as een keer
1. My gespot en lelike name genoem			
2. Iets moois vir my gesê			
3. Was lelik oor my familie			
4. Het my geskop/geslaan			
5. Was vriendelik/gaaf met my			
6. Was nors met my			
7. Het iets met my gedeel/met my gesels			
8. Het gesê hull sal my opdons/slaan/skop			
9. Het my gevra vir my lekkers/toebroodjies			
10. Het probeer dwing dat ek vir hulle geld moes gee			
11. My skrik gemaak			
12. Met my gespeel			
13. Het my gekeer om 'n speletjie te speel deel te neem aan ‘n speletjie			
14. My uitgelag/met my die spot gedryf			
15. Het ’n ander kinders gekry of gesê dat hulle my moes seermaak			
16. Het veroorsaak dat ek in 'n bakleiery betrokke was			
17. Vir my vriendelik geglimlag			
18. Het probeer om my in die moelikheid te laat beland 19. My gehelp met iets			
20. Saam met my skool toe/klas toe geloop			
21. Het aan my 'n grap vertel			
22. Het 'n lekker speletjie met my gespeel			
23. By my huis kom kuier			
24. Het my seer gemaak/probeer om my seer te maak			
25. Met my gesels			
26. Iets van my afgevat sonder om te vra			
27. Was ongeskik met my oor hoe ek lyk			
28 Op my geskree			
29. My gepootjie			
30. Gesê dat hulle my sal verklik as ek iets doen			
31. My werk opgemors			
32. Iets van my weggesteek			
33. Het 'n leuen oor my vertel aan ander			
34. My met my skoolwerk gehelp			
35. Lelik vir my gelag			
36. My maak lag			
37. Probeer om iets van my te breek			

Hierdie week het 'n ander kind	Nooit	Een keer	Meer as een keer
38. My iets lekkers/moois gegee			
39. Probeer om my te slaan			
40. Het gesê hulle hou van my.			

Dink aan 'n onvriendelike/ongemaklike ding wat gebeur het wat jou die meeste hartseer gemaak of onstel het:

Was die persoon wat dit gedoen het:

Jou ouderdom	Ouer as jy	Jonger as jy

Waar het dit gebeur?

Klaskamer	Toilette	Gange/ Trappe	Speelgrond	Buite die skool	Ander plek

Het jy enige onderwyser vertel? As jy iemand vertel het, het dit gehelp om jou beter te laat voel?

Ja	Nee

Het jy jou ouers vertel?

Ja	Nee

Het dit gehelp as jy dalk iemand vertel het?

Ja	Nee

Moet die skool meer van hiedie soort vraelyste laat invul?

Ja	Nee

DIE BOELIESIRKEL : LEERDERS SE GEDRAGSPATRONE /REAKSIES IN 'N BOELIE INSIDENT



Olweus (1978)